UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
# Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CXCVI.] PRICE 6d. PRETORIA, 24 APRIL 24 APRIL 1959. PRYS 6d. [No. 6208.

CONTENTS ON BACK PAGES. INHOUD AGTERIN.

## PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 76, 1959.]

CROCODILE RIVER GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DISTRICTS OF BELFAST, LYDENBURG, NELSPRUIT AND BARBERTON, TRANSVAAL—AMENDMENT OF PROCLAMATION No. 261 OF 1957.

Whereas the area comprising the Crocodile River Government Water Control Area has by Proclamation No. 261 of 1957 as amended by Proclamation No. 225 of 1958, been defined;

And whereas the Governor-General may, in terms of sub-section (1) of section *fifty-nine* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), from time to time by like proclamation alter the boundaries and amend the description of such areas;

And whereas it is desirable to amend the description and registration numbers of certain properties in the said Government Water Control Area where they appear incorrectly in the said Proclamation No. 261 of 1957;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by the said sub-section (1) of section *fifty-nine* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), I do hereby declare that the properties described as Badsfontein No. 60, District Lydenburg, Cairn No. 208, Stonehenge No. 220 and Nelspruit Town Lands No. 222, District Nelspruit, in the said Proclamation, should respectively read as follows:—

Badfontein No. 160, District Lydenburg, Cairn No. 106, Stonehenge No. 2 and Nelspruit Town Lands No. 22, District Nelspruit.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-third day of March, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

P. M. K. LE ROUX.

No. 77, 1959.]

DESIGNATION OF THE DIVISIONAL COUNCIL OF CERES AS AN URBAN LOCAL AUTHORITY FOR THE AREA UNDER ITS JURISDICTION.

Under the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-nine* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I hereby designate the Divisional Council of Ceres, with effect from the first day of the month following that in which publication

## PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 76, 1959.]

KROKODILRIVIER-STAATS WATERBEHEERGEBIED, DISTRIKTE BELFAST, LYDENBURG, NELSPRUIT EN BARBERTON, TRANSVAAL—WYSIGING VAN PROKLAMASIE No. 261 VAN 1957.

Nademaal die gebied wat die Krokodilrivier-staatswaterbeheergebied uitmaak by Proklamasie No. 261 van 1957, soos gewysig by Proklamasie No. 225 van 1958, omskryf is;

En nademaal die Goewerneur-generaal, kragtens subartikel (1) van artikel *nege-en-vyftig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), die grense en die omskrywing van sodanige gebiede deur 'n soortgelyke proklamasie van tyd tot tyd kan wysig;

En nademaal dit wenslik is om die beskrywings en registrasienommers van sekere eiendomme in genoemde staatswaterbeheergebied wat foutief in genoemde Proklamasie No. 261 van 1957 voorkom, te wysig;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by genoemde subartikel (1) van artikel *nege-en-vyftig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), hierby verklaar dat die eiendomme wat as Badsfontein No. 60, distrik Lydenburg, Cairn No. 208, Stonehenge No. 220 en Nelspruitdorpsgrond No. 222, distrik Nelspruit, in genoemde Proklamasie aangegee word, respektiewelik soos volg moet lui:—

Badfontein No. 160, distrik Lydenburg, Cairn No. 106, Stonehenge No. 2 en Nelspruitdorpsgrond No. 22, distrik Nelspruit.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die 23ste dag van Maart Eenduisend Nege honderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

P. M. K. LE ROUX.

No. 77, 1959.]

AANWYSING VAN DIE AFDELINGSRAAD VAN CERES AS 'N STEDELIKE PLAASLIKE BESTUUR VIR SY REGSGEBIED.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *nege-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), wys ek hierby die Afdelingsraad Ceres, met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op dié waarin afkondi-

thereof takes place, as an urban local authority for the purpose of the application within the area under its jurisdiction of all the provisions of the said Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Ninth day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-general.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. C. DE W. NEL.

---

No. 78, 1959.]

DESIGNATION OF THE DIVISIONAL COUNCIL OF TULBAGH AS AN URBAN LOCAL AUTHORITY FOR THE AREA UNDER ITS JURISDICTION.

Under the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-nine* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I hereby designate the Divisional Council of Tulbagh, with effect from the first day of the month following that in which publication thereof takes place, as an urban local authority for the purpose of the application within the area under its jurisdiction of all the provisions of the said Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Ninth day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. C. DE W. NEL.

---

No. 79, 1959.]

SOUTH AFRICAN CITRUS SCHEME.—AMENDMENT.

Whereas the Minister of Agricultural Economics and Marketing has, under sub-section (4) of section *twenty-three*, read with paragraph (*c*) of sub-section (3) of section *seventeen* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, accepted certain proposed amendments (as specified in the Schedule hereto) to the South African Citrus Scheme, published under Proclamation No. 44 of 1947, as amended, and has, under paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *twenty-one* of the said Act, recommended the approval of the said proposed amendments;

Now, therefore, under the powers vested in me by the aforesaid sub-section (4) of section *twenty-three*, read with paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *twenty-two* of the said Act, I do hereby declare that the said amendments shall come into operation on the date of publication hereof.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Seventh day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

D. C. H. UYS.

ging hiervan geskied, aan as 'n stedelike plaaslike bestuur vir die toepassing binne sy regsgebied van al die bepalings van genoemde Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Negende dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. C. DE W. NEL.

---

No. 78, 1959.]

AANWYSING VAN DIE AFDELINGSRAAD VAN TULBAGH AS 'N STEDELIKE PLAASLIKE BESTUUR VIR SY REGSGEBIED.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *nege-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), wys ek hierby die Afdelingsraad van Tulbagh, met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op dié waarin afkondiging hiervan geskied, aan as 'n stedelike plaaslike bestuur vir die toepassing binne sy regsgebied van al die bepalings van genoemde Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Negende dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. C. DE W. NEL.

---

No. 79, 1959.]

SUID-AFRIKAANSE SITRUSSKEMA.—WYSIGING.

Nademaal die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, kragtens subartikel (4) van artikel *drie-en-twintig*, gelees met paragraaf (*c*) van subartikel (3) van artikel *sewentien* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, sekere voorgestelde wysigings (soos in die Bylae hiervan uiteengesit) van die Suid-Afrikaanse Sitrusskema, afgekondig by Proklamasie No. 44 van 1947, soos gewysig, aangeneem het, en kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van genoemde Wet, goedkeuring van daardie voorgestelde wysigings aanbeveel het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by bogenoemde subartikel (4) van artikel *drie-en-twintig*, gelees met paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van genoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysigings op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Sewende dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

D. C. H. UYS.

SCHEDULE.

The South African Citrus Scheme, published by Proclamation No. 44 of 1947, as amended, is hereby further amended by the addition of the following words at the end of the definition of "wasty condition" in sub-section (1) of section 28:—

"or fails to comply with minimum requirements in respect of internal quality and maturity prescribed by the regulations published in terms of sub-section (1) of section *eight* of the Fruit Export Act, 1957 (Act No. 27 of 1957), to an extent where the fruit is, in the opinion of the Board or of its duly appointed nominee, unfit for consumption as fresh fruit."

No. 80, 1959.]

APPLICATION OF NATIVES RESETTLEMENT ACT, 1954, TO AREA KENSINGTON (B).

Under the powers vested in me by paragraph (ix) of section *one* of the Natives Resettlement Act, 1954 (Act No. 19 of 1954), I do hereby declare that the provisions of the said Act shall apply to the area described in the Schedule hereto, with effect from the date of promulgation hereof.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Ninth day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. C. DE W. NEL.

SCHEDULE.

The area described as follows:—

The freehold townships of Kensington (B) situated on a portion of a portion of the farm Driefontein No. 41, Registration Division IR, District of Johannesburg, in extent 109 morgen 492 square roods, *vide* diagram S.G. Examination No. 131 of 1903 and more fully defined on a general plan of the township S.G. No. A. 126 of 1903, surveyed by surveyor A. A. Ortlepp in October, 1902, and approved by the Surveyor-General on the 5th August, 1903.

No. 81, 1959.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE MKWANAZI TRIBE RESIDENT IN THE AREA OF THE MKWANAZI TRIBAL AUTHORITY UNDER CHIEF MBULALENI MNQUNI IN THE MTUNZINI DISTRICT.

Whereas the Mkwanazi tribe resident in the area of the Mkwanazi Tribal Authority under Chief Mbulaleni Mnguni in the District of Mtunzini has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds to enable the Tribal authority to carry out its functions and for other tribal purposes;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is imposed;

Now therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), as amended, I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of five shillings per annum for the years 1959 and 1960 is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

BYLAE.

Die Suid-Afrikaanse Sitrusskema, afgekondig by Proklamasie No. 44 van 1947, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die volgende woorde aan die end van die omskrywing van „bederfde toestand" in subartikel (1) van artikel 28 by te voeg:—

„of in so 'n mate nie aan die minimum vereistes ten opsigte van inwendige gehalte en rypheid, voorgeskrywe by die regulasies afgekondig ingevolge subartikel (1) van artikel *agt* van die Wet op die Uitvoer van Vrugte, 1957 (Wet No. 27 van 1957), voldoen nie dat die vrugte, na die mening van die Raad of sy behoorlik aangestelde genomineerde, ongeskik vir verbruik as vars vrugte is."

No. 80, 1959.]

TOEPASSING VAN DIE WET OP DIE HERVESTIGING VAN NATURELLE, 1954, OP GEBIED KENSINGTON (B).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (ix) van artikel *een* van die Wet op die Hervestiging van Naturelle, 1954 (Wet No. 19 van 1954), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet, met ingang van die datum waarop afkondiging hiervan geskied, op die gebied omskryf in die Bylae hiervan van toepassing is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Negende dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. C. DE W. NEL.

BYLAE.

Die gebied soos volg omskryf:—

Die pagvry dorp Kensington (B), geleë op 'n gedeelte van 'n gedeelte van die plaas Driefontein No. 41, Registrasie-afdeling IR, distrik Johannesburg, groot 109 morg 492 vierkante roede, *vide* Kaart S.G. Ondersoek No. 131 van 1903, en vollediger omskryf op 'n algemene plan van die dorp, S.G. No. 126 van 1903, wat in Oktober 1902 deur landmeter A. A. Ortlepp opgemeet en op 5 Augustus 1903 deur die Landmeter-generaal goedgekeur is.

No. 81, 1959.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE MKWANAZISTAM WOONAGTIG IN DIE GEBIED VAN DIE MKWANAZISTAMOWERHEID ONDER KAPTEIN MBULALENI MNQUNI IN DIE DISTRIK MTUNZINI.

Nademaal die Mkwanazistam woonagtig in die gebied van die Mkwanazistamowerheid onder kaptein Mbulaleni Mnguni in die distrik Mtunzini vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel om die stamowerheid in staat te stel om sy werksaamhede uit te voer en vir ander stamdoeleindes;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so 'n heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê word, goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), soos gewysig, hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van vyf sjielings per jaar vir die jare 1959 en 1960 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1959 and shall become due and payable on the date of publication hereof, in respect of the year 1959, and on the first day of January of the succeeding year during which it is in operation.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Seventh day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. C. DE W. NEL.

---

No. 82, 1959.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE RAMBUDA TRIBE UNDER CHIEF J. RAMBUDA IN THE SIBASA DISTRICT.

Whereas the Rambuda tribe under Chief J. Rambuda in the District of Sibasa has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for educational purposes and for other tribal purposes;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), as amended, I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of one pound per annum for the years 1959 to 1961, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1959 and shall become due and payable on the date of publication hereof, in respect of the year 1959, and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Seventh day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. C. DE W. NEL.

---

No. 83, 1959.]

URBAN AREA OF ALEXANDRIA.—CURFEW.

Under the powers vested in me by sub-sections (1) and (5) of section *thirty-one* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I hereby declare that with effect from the date of promulgation hereof, no Native, male or female, not being exempted under sub-section (4) of the said section, shall between the hours of 9 p.m. and 4 a.m. be in any public place within the area controlled by the urban local authority of of Alexandria, unless such Native be in possession of a written permit signed by his employer or by a person authorised by such employer to issue such permit to such Native or by some person authorised by the said urban local authority or the Minister to issue permits or by any member of the South African Police;

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1959 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan, ten opsigte van die jaar 1959, en op die eerste dag van Januarie van die daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël, te Kaapstad op hede die Sewende dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. C. DE W. NEL.

---

No. 82, 1959.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE RAMBUDASTAM ONDER KAPTEIN J. RAMBUDA IN DIE DISTRIK SIBASA.

Nademaal die Rambudastam onder kaptein J. Rambuda in die distrik Sibasa vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir opvoedkundige doeleindes en vir ander stamdoeleindes;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so 'n heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê word, goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), soos gewysig, hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van een pond per jaar vir die jare 1959 tot en met 1961 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1959 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan, ten opsigte van die jaar 1959, en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Sewende dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. C. DE W. NEL.

---

No. 83, 1959.]

STADSGEBIED VAN ALEXANDRIA.—AANDKLOK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikels (1) en (5) van artikel *een-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), verklaar ek hierby dat geen Naturel, hetsy 'n mans- of vrouspersoon, wat nie kragtens subartikel (4) van genoemde artikel vrygestel is nie, met ingang van die datum van afkondiging hiervan tussen die ure 9 nm. en 4 vm. op 'n publieke plek binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur van Alexandria mag wees nie tensy so 'n Nautrel in besit is van 'n skriftelike permit wat onderteken is deur sy werkgewer of deur iemand wat deur so 'n werkgewer gemagtig is om so 'n permit aan so 'n Naturel uit te reik of deur iemand wat deur genoemde stedelike plaaslike bestuur of deur die Minister gemagtig is om sulke permitte uit te reik of deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie;

And I further declare that Proclamation No. 178 of 1945 is hereby repealed.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Ninth day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-nine

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

M. C. DE W. NEL.

---

No. 84, 1959.]

## TWENTY-FOUR RIVERS IRRIGATION DISTRICT, DIVISIONS OF PIKETBERG AND TULBAGH, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.—CONSTITUTION.

Whereas a petition has, under sub-section (1) of section *seventy-one* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), been transmitted to the Minister of Water Affairs, stating that, in the opinion of the petitioners, it is desirable that there should be a combined system of water works for the abstraction or the impoundment and storage of any water of that stream mentioned therein for the purpose of irrigating land;

And whereas all the provisions of the said Act relating to such petition have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by sub-section (1) of section *seventy-four* of the said Act, I hereby declare that the area as described in the Annexure to this Proclamation, shall constitute an irrigation district, comprising three sub-districts known as the Twenty-four Rivers Irrigation District;

And under and by virtue of the powers in me vested by sub-section (1) of section *seventy-nine* of the said Act I hereby further declare that there shall be an irrigation board for the said Irrigation District to be styled the Twenty-four Rivers Irrigation Board.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town this Fifteenth day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

P. M. K. LE ROUX.

### ANNEXURE.

### DESCRIPTION OF PROPERTIES INCLUDED IN THE TWENTY-FOUR RIVERS IRRIGATION DISTRICT, DIVISIONS OF PIKETBERG AND TULBAGH, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.

SUB-DISTRICT I, DIVISION PIKETBERG.

The following farms with their subdivisions:—

Middelpost, Piq. Q. 1.6.

Dasboschfontein, Wor. Q. 3.5, with the exception of that portion of Portion 1 of the farm which now comprises part of Part B of the farm Leeuwenhoek Wor. Q. 3.4, Division Tulbagh.

Geluk (Diagram 1917.126.7942), comprising a portion of Steenwerp, Piq. Q. 1.8 and a portion of Driebosch Piq. Q. 2.14.

Drie Das-Bosch (Diagram 1911.71.4475), being a portion of Driebosch, Piq. Q. 2.14.

Certain piece of land Piq. F. 1.12.

Voorts verklaar ek dat Proklamasie No. 178 van 1945 hierby herroep word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Negende dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

M. C. DE W. NEL.

---

No. 84, 1959.]

## BESPROEIINGSDISTRIK VIER-EN-TWINTIG-RIVIERE, AFDELINGS PIKETBERG EN TULBAGH, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.—INSTELLING.

Nademaal daar kragtens subartikel (1) van artikel *een-en-sewentig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), 'n versoekskrif aan die Minister van Waterwese gerig is waarin vermeld word dat dit na die mening van die petisionarisse wenslik is dat daar vir die besproeiing van grond 'n gekombineerde stelsel van waterwerke moet wees vir die uitneem of opdam en opgaar van water uit die stroom daarin vermeld;

En nademaal al die bepalings van genoemde Wet met betrekking tot so 'n versoekskrif nagekom is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vier-en-sewentig* van genoemde Wet, hierby verklaar dat die gebied soos omskryf in die Bylae van hierdie Proklamasie, 'n besproeiingsdistrik uitmaak, wat bestaan uit (3) drie subdistrikte, en bekend staan as die besproeiingsdistrik Vier-en-twintig-riviere;

En voorts verklaar ek hierby, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *nege-en-sewentig* van genoemde Wet dat daar in genoemde besproeiingsdistrik 'n besproeiingsraad is, wat as die Besproeiingsraad van Vier-en-twintig-riviere bekend staan.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Vyftiende dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

P. M. K. LE ROUX.

### BYLAE.

### BESKRYWING VAN EIENDOMME WAT INGESLUIT IS IN DIE BESPROEIINGSDISTRIK VIER-EN-TWINTIG-RIVIERE, AFDELINGS PIKETBERG EN TULBAGH, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.

SUBDISTRIK I, AFDELING PIKETBERG.

Die volgende plase met onderverdelings:—

Middelpost, Piq. Q. 1.6.

Dasboschfontein, Wor. Q. 3.5, uitgesonderd die gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas wat nou bestaan uit gedeelte van Gedeelte B van die plaas Leeuwenhoek Wor. Q. 3.4, afdeling Tulbagh.

Geluk (Diagram 1917.126.7942), bestaande uit gedeelte van Steenwerp, Piq. Q. 1.8 en 'n gedeelte van Driebosch Piq. Q. 2.14.

Drie Das-Bosch (Diagram 1911.71.4475), synde 'n gedeelte van Driebosch, Piq. Q. 2.14.

Sekere stuk grond, Piq. F. 1.12.

SUB-DISTRICT II, DIVISION PIKETBERG.

The following farms with their subdivisions:—

Vier-en-twintig Rivieren gelegen aan de Honigsberg Wor. Q. 11.43.

Zaailand, Piq. Q. 3.18.

Halfmanshof, now called Brandenberg Piq. Q. 1.7.

SUB-DISTRICT III, DIVISION TULBAGH.

The following farms with their subdivisions:—

Halfmanshof, Tul. and Wor. Q. 2.29.

Certain piece of land, Tul. 7.18.

Leeuwenhoek, Wor. Q. 3.4, including that portion of Portion 1 of Dasboschfontein, Wor. Q. 3.5, Division Piketberg, which now forms part of Part B of Leeuwenhoek, and excluding the remaining extent of the farm (Title Deed 3987) which is now part of the consolidated farm Saron.

Lot 21, Vier-en-twintig Rivierspoort, Tul. Q. 7.20.

---

No. 85, 1959.]

## HOUSE OF ASSEMBLY BY-ELECTION.— ELECTORAL DIVISION OF FLORIDA.

Whereas it has been notified to me that a vacancy has occurred in the representation of the electoral division of Florida in the House of Assembly, by reason of the death of Mr. S. J. Tighy;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me by sections *thirty-five* and *eighty-eight* of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act No. 46 of 1946), as amended, I do hereby declare—

(1) that a vacancy exists in the representation of the electoral division of Florida in the House of Assembly;

(2) that a nomination court shall sit on Monday, the eleventh day of May, 1959, at 10 o'clock in the forenoon in the office of the Electoral Officer, Johannesburg, to receive nominations of candidates for election to fill the said vacancy;

(3) that if a poll becomes necessary in the electoral division aforesaid for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said nomination court, the said poll shall take place on Wednesday, the tenth day of June, 1959, and shall commence at 7 o'clock in the morning and shall close at 8 o'clock in the evening of the said day; and

(4) that the Electoral Officer, Johannesburg, or other person lawfully acting for him, shall be, and is hereby appointed to be the Returning Officer at the election in the said division to fill the said vacancy.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twentieth day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

J. F. NAUDÉ.

SUBDISTRIK II, AFDELING PIKETBERG.

Die volgende plase met onderverdelings:—

Vier-en-twintig Rivieren gelegen aan de Honigsberg Wor. Q. 11.43.

Zaailand, Piq. Q. 3.18.

Halfmanshof nou bekend as Brandenberg Piq. Q. 1.7.

SUBDISTRIK III, AFDELING TULBAGH.

Die volgende plase met onderverdelings:—

Halfmanshof, Tul. en Wor. Q. 2.29.
Sekere stuk grond Tul. 7.18.

Leeuwenhoek, Wor. Q. 3.4, insluitende gedeelte van Gedeelte 1 van Dasboschfontein, Wor. Q. 3.5, afdeling Piketberg, wat nou deel uitmaak van Gedeelte B van Leeuwenhoek, uitsluitende resterende gedeelte van die plaas (Titelbewys 3987), wat nou deel uitmaak van die gekonsolideerde plaas Saron.

Lot 21, Vier-en-twintig Rivierspoort, Tul. Q. 7.20.

---

No. 85, 1959.]

## VOLKSRAADSTUSSENVERKIESING.— KIESAFDELING FLORIDA.

Aangesien dit tot my kennis gebring is dat daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Florida in die Volksraad ontstaan het weens die afsterwe van mnr. S. J. Tighy;

So is dit dat ek, kragtens die gesag en bevoegdheid my verleen by artikels *vyf-en-dertig* en *agt-en-tagtig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet No. 46 van 1946), soos gewysig, hierby verklaar—

(1) dat daar 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Florida in die Volksraad bestaan;

(2) dat 'n nominasiehof op Maandag, die elfde dag van Mei 1959, om tien-uur in die voormiddag in die kantoor van die Verkiesingsbeampte, Johannesburg, sitting sal hou ten einde nominasies te ontvang van kandidate vir verkiesing om gemelde vakature te vul;

(3) dat indien 'n stemming nodig word in genoemde kiesafdeling deurdat meer as een persoon by die sluiting van die sitting van voormelde nominasiehof behoorlik genomineer is, genoemde stemming op Woensdag, die tiende dag van Junie 1959, sal plaasvind en om sewe-uur in die môre 'n aanvang sal neem en om agt-uur in die aand van daardie dag sal sluit; en

(4) dat die Verkiesingsbeampte, Johannesburg, of 'n ander persoon wat wettig in sy plek ageer, by die verkiesing in genoemde kiesafdeling om gemelde vakature te vul, die Kiesbeampte is en hierby as sodanig benoem word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

J. F. NAUDÉ.

# GOVERNMENT NOTICES.

## DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 567.] [24 April 1959.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from the 1st May, 1959, to the 1st June, 1959, both days inclusive, and that the dividends due on the 1st June, 1959, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the Transfer Books:—

4¼ Per Cent Local Registered Stock, 1974.
3 Per Cent Local Registered Stock, 1956/61.
3½ Per Cent Local Registered Stock, 1953/73.
3¾ Per Cent Local Registered Stock, 1960.
3¼ Per Cent Local Registered Stock, 1959.

## DEPARTMENT OF DEFENCE.

No. 563.] [24 April 1959.

I, CHARLES ROBBERTS SWART, Acting Minister of Defence, acting in terms of the powers vested in me by sub-section (2) of section *seventy-five* of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), hereby establish and designate as a unit of the Permanent Force the unit referred to in the Annexure hereto.

C. R. SWART,
Acting Minister of Defence.

ANNEXURE.

The following unit is established and designated as a unit of the Permanent Force with effect from the 1st April, 1959:—

2 Mobile Watch.

## DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 564.] [24 April 1959.

GROUP AREAS DEVELOPMENT BOARD.—
APPOINTMENT OF MEMBER.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section *three* of the Group Areas Development Act, 1955 (Act No. 69 of 1955), to appoint Jacobus Johannes Marais, Esq., as a member of the Group Areas Development Board for the period 1st April, 1959, to 31st January, 1962 *vice* Gabriel Francois de Vos Hugo, Esq., resigned.

No. 565.] [11 April 1959.

IMMIGRANTS' REGULATION ACT, 1913.—
OFFICERS AUTHORISED TO SIGN PERMITS.

The Minister of the Interior has, in terms of sub-section (2) of section *twenty-three* of the Immigrants' Regulation Act, 1913 (Act No. 22 of 1913), as amended, authorised the undermentioned officers to sign temporary permits issuable in terms of sub-section (1) of section *twenty-five* of the Act from the dates opposite their names.

# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 567.] [24 April 1959.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 1 Mei 1959, tot en met 1 Junie 1959, gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 1 Junie 1959, aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:—

Plaaslike Geregistreerde 4¼ Persent-effekte, 1974.
Plaaslike Geregistreerde 3 Persent-effekte, 1956/61.
Plaaslike Geregistreerde 3½ Persent-effekte, 1953/73.
Plaaslike Geregistreerde 3¾ Persent-effekte, 1960.
Plaaslike Geregistreerde 3¼ Persent-effekte, 1959.

## DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

No. 563.] [24 April 1959.

Ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Waarnemende Minister van Verdediging, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (2) van artikel *vyf-en-sewentig* van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 11 van 1957), stel hierby die eenheid in die Bylae hiervan genoem, in en wys dit aan as 'n eenheid van die Staande Mag.

C. R. SWART,
Waarnemende Minister van Verdediging.

BYLAE.

Ondergenoemde eenheid word met ingang van 1 April 1959 ingestel en aangewys as 'n eenheid van die Staande Mag:—

2 Mobiele Wag.

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 564.] [24 April 1959.

GROEPSGEBIEDE-ONTWIKKELINGSRAAD.—
AANSTELLING VAN LID.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie* van die Wet op die Ontwikkeling van Groepsgebiede, 1955 (Wet No. 69 van 1955), meneer Jacobus Johannes Marais as lid van die Groepsgebiede-ontwikkelingsraad aan te stel vir die tydperk 1 April 1959 tot 31 Januarie 1962, in die plek van meneer Gabriel Francois de Vos Hugo wat bedank het.

No. 565.] [11 April 1959.

WET TOT REGELING VAN IMMIGRATIE, 1913.—
AMPTENARE GEMAGTIG OM PERMITTE TE ONDERTEKEN.

Die Minister van Binnelandse Sake het ondervermelde amptenare kragtens subartikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet tot Regeling van Immigratie, 1913 (No. 22 van 1913), soos gewysig, gemagtig om tydelike permitte wat ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *vyf-en-twintig* van voormelde Wet uitgereik word, te onderteken vanaf die datums teenoor hulle name vermeld.

| District. | Department. | Name. |
|---|---|---|
| Stellenbosch... | Justice..... | Engelbrecht, Johannes Lodewyk, with effect from 28th January, 1959. |
| Umtata..... | Justice..... | Addison, Brian, with effect from 1st February, 1959. |
| Malmesbury... | Justice..... | Engelbrecht, Johannes Willem, with effect from 2nd February, 1959. |
| Carolina..... | Justice..... | Smith, Pieter Johannes, with effect from 2nd February, 1959. |
| Lichtenburg and Delareyville | Bantu Administration and Development | Crossman, Mancel Clarence, with effect from 1st January, 1959. |
| Germiston.... | Bantu Administration and Development | Erasmus, Antonie Philippus, with effect from 1st February, 1959. |
| Barberton..... | Bantu Administration and Development | Goldsworthy, Douglas Herbert Webbe, with effect from 26th January, 1959. |
| Benoni..... | Bantu Administration and Development | Rein, Carl Lawton, with effect from 12th January, 1959. |
| Odendaalsrust, Welkom and part of Ventersburg district which is known as Virginia area | Bantu Administration and Development | van Niekerk, Tobias John Bennie and Tulleken, Jan Gerhard van Hoogenhouck, with effect from 20th January, 1959. |

No. 566.] [10 April 1959.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—THE SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PERSONNEL MANAGEMENT.

The Secretary of the above-named institution has, in terms of sub-section (1) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), applied for the registration of the name of the institution.

Any person affected or likely to be affected and who desires to raise objections to the application, may do so within three months of the date of publication of this notice on the prescribed form obtainable from the Secretary for the Interior, Union Buildings, Pretoria.

*Name.*—The South African Institute of Personnel Management.

No. 570.] [14 April 1959.

REGULATIONS UNDER SECTION *TWELVE* OF THE STATISTICS ACT, 1957 (ACT No. 73 OF 1957).

CENSUS OF THE MOTOR INDUSTRY.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), to make the regulations hereunder in regard to the taking of a Census of the Motor Industry:—

1. For the purpose of these regulations a motor industry establishment exists wherever any of the following are performed:—

(*a*) Assembling, erecting, testing, re-manufacturing, repairing, adjusting, overhauling, wiring, upholstering, spraying, painting and/or reconditioning carried on in connection with—

(i) chassis and/or bodies of motor vehicles;
(ii) internal combustion engines and transmission components of motor vehicles;
(iii) the electrical equipment connected with motor vehicles, including radios;

(*b*) automotive engineering;
(*c*) repairing, vulcanising and/or retreading tyres;
(*d*) repairing, servicing and/or reconditioning batteries for motor vehicles;

| Distrik. | Departement. | Naam. |
|---|---|---|
| Stellenbosch.... | Justisie..... | Engelbrecht, Johannes Lodewyk, met ingang 28 Januarie, 1959. |
| Umtata..... | Justisie..... | Addison, Brian, met ingang 1 Februarie 1959. |
| Malmesbury... | Justisie..... | Engelbrecht, Johannes Willem, met ingang 2 Februarie 1959. |
| Carolina..... | Justisie..... | Smith, Pieter Johannes, met ingang 2 Februarie 1959. |
| Lichtenburg en Delareyville | Bantoe-administrasie en -ontwikkeling | Crossman, Mancel Clarence, met ingang 1 Januarie 1959. |
| Germiston.... | Bantoe-administrasie en -ontwikkeling | Erasmus, Antonie Philippus, met ingang 1 Februarie 1959. |
| Barberton..... | Bantoe-administrasie en -ontwikkeling | Goldsworthy, Douglas Herbert Webbe, met ingang 26 Januarie 1959. |
| Benoni..... | Bantoe-administrasie en -ontwikkeling | Rein, Carl Lawton, met ingang 12 Januarie 1959. |
| Odendaalsrust, Welkom en gedeelte van distrik Ventersburg wat bekendstaan as Virginia-gebied | Bantoe-administrasie en -ontwikkeling | van Niekerk, Tobias John Bennie en Tulleken, Jan Gerhard van Hoogenhouck, met ingang 20 Januarie 1959. |

No. 566.] [10 April 1959.

AANSOEK OM REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR PERSONEELBESTUUR.

Die Sekretaris van bogenoemde inrigting het, kragtens subartikel (1) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), aansoek gedoen om die registrasie van die inrigting se naam.

Enigeen wat geraak word of moontlik geraak sal word en wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak, kan dit binne drie maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Sekretaris van Binnelandse Sake, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar is.

*Naam.*—Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Personeelbestuur.

No. 570.] [14 April 1959.

REGULASIES INGEVOLGE ARTIKEL *TWAALF* VAN DIE WET OP STATISTIEKE, 1957 (WET No. 73 VAN 1957).

SENSUS VAN DIE MOTORBEDRYF.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om ingevolge die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), onderstaande regulasies in verband met die hou van 'n sensus van die motorbedryf, uit te vaardig:—

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies bestaan 'n motorbedryfinrigting waar ook al enigeen van die volgende uitgevoer word:—

(*a*) Monteer, opbou, toets, hervervaardig, herstel, stel, nagaan, bedraad, stoffeer, spuitverf, verf en/of vernuwing uitgevoer in verband met—

(i) onderstelle en/of bakke van motorvoertuie;
(ii) binnebrandmasjiene en transmissie-onderdele van motorvoertuie;
(iii) die elektriese uitrusting van motorvoertuie, met inbegrip van die radio's;

(*b*) motoringenieurswerk;
(*c*) herstel, vulkaniseer en/of versool van buitebande;
(*d*) batterye vir motorvoertuie herstel, bedien en/of vernuwe;

(*e*) the business of parking and/or storing motor vehicles;
(*f*) the business conducted by filling and/or service stations;
(*g*) the business carried on mainly or exclusively for the sale of motor vehicles or motor vehicle parts and/or spares and/or accessories (whether new or used) pertaining thereto, whether or not such sale is conducted from premises which are, attached to a portion of an establishment wherein is conducted the assembly of, or repairs to motor vehicles;
(*h*) the business of motor graveyards;
(*i*) the business of manufacturing establishments wherein are fabricated motor vehicle parts and/or spares and/or accessories and/or components thereof;
(*j*) vehicle body building;
(*k*) the business of draining and/or filling of sumps, oiling and lubricating, washing and/or cleaning and/or polishing of motor vehicles.

2. For the purpose of this definition—

"automotive engineering" means the reconditioning of internal combustion engines or parts thereof for use in motor vehicles in establishments mainly or exclusively so engaged, whether such establishment is engaged in the dismantling and repair of motor vehicles or not; and "motor vehicle" means any wheeled conveyance propelled by mechanical power (other than steam) or electrically and designed for haulage and/or for transportation of persons and/or goods and/or loads and includes trailers and caravans but shall not include any equipment designed to run on fixed tracks, trailers designed to transport loads of 20 tons or over, or aircraft; and

"vehicle body building" means any or all of the following activities carried on in a vehicle body building establishment, but shall not include vehicle body building done by assembly establishments incidental to the assembling of motor vehicles:—

(*a*) The construction, repair or renovation of cabs and/or bodies and/or any superstructure for any type of vehicle;
(*b*) the manufacture or repair of component parts of cabs and/or bodies and/or any superstructure and the assembling, adjusting and installation of parts in cabs, bodies or on the superstructure of vehicles;
(*c*) fitting cabs and/or bodies and/or any superstructure to the chassis of any type of vehicle;
(*d*) coating and/or decorating cabs and/or bodies and/or any superstructure with any preservative decorative substance;
(*e*) equipping, furnishing and finishing off the interior of cabs and/or bodies and/or superstructures;
(*f*) building of trailers, but not including the manufacture of wheels or axles therefor;
(*g*) all operations incidental to or consequent upon the activities referred to in paragraphs (*a*), (*b*), (*c*), (*d*), (*e*) and (*f*).

3. For the purpose of this definition "vehicle" does not include any aircraft and "motor industry" as defined above shall not include the following:—

(*a*) The manufacture of motor vehicle parts and/or accessories and/or spares and/or components in establishments laid out for and normally producing metal and/or plastic goods of a different character on a substantial scale;
(*b*) the assembling, erecting, testing, repairing, adjusting, overhauling, wiring, spraying, painting and/or reconditioning of agricultural tractors except where carried on in establishments rendering similar service in respect of cars, motor lorries or motor trucks;
(*c*) the manufacturing and/or maintenance and/or repair of—

(i) civil and mechanical engineering equipment and/or parts thereof whether or not mounted on wheels;

(*e*) die bedryf van motorvoertuie parkeer en/of bewaar;
(*f*) die besigheid gedryf deur vulstasies en/of dienstasies;
(*g*) die besigheid gedryf hoofsaaklik of uitsluitlik, vir die verkoop van motorvoertuie of motorvoertuigonderdele en/of reserwedele en/of toebehore (hetsy nuut of gebruik), wat daarmee gepaard gaan, hetsy so 'n verkoop geskied vanaf persele wat verbonde is aan die gedeelte van 'n inrigting waarin motorvoertuie gemonteer of herstel word, of nie;
(*h*) die besigheid van motorsloopplekke;
(*i*) die besigheid van vervaardigingsinrigtings waarin motorvoertuig-onderdele en/of reserwedele en/of toebehore en/of onderdele daarvan vervaardig word;
(*j*) voertuigbakbou;
(*k*) die besigheid van oliebakke leeg tap en/of vol maak, motorvoertuie olie en smeer, was en/of skoonmaak en/of politoer.

2. Vir die toepassing van hierdie woordomskrywing beteken—

„motoringenieurswerk" die vernuwing van binnebrandmotore vir gebruik in motorvoertuie in inrtigtings wat hoofsaaklik of uitsluitlik hierdie werk doen, hetsy so 'n inrigting motorvoertuie uitmekaar haal en herstel, of nie; en

„motorvoertuig" enige wielvoertuig voortgedryf deur meganiese krag (uitgesonderd stoom) of elektrisiteit, en ontwerp om persone en/of goed en/of vragte te trek en/of te vervoer en sluit sleepwaens en karavane in maar sluit nie uitrusting in wat ontwerp is om op vaste spore te loop nie, sleepwaens wat ontwerp is om vragte van 20 ton of meer te vervoer of vliegtuie; en

„voertuigbakbou" beteken enigeen of almal van ondergenoemde werksaamhede uitgevoer in 'n inrigting vir die bou van voertuigbakke, maar sluit nie in die bou van voertuigbakke wat deur monteerinrigtings as deel van die monteer van motorvoertuie uitgevoer word nie:—

(*a*) Kappe en/of bakke en/of bobou vir enige soort voertuig vervaardig, herstel of vernuwe;
(*b*) onderdele vir kappe en/of bakke en/of bobou vervaardig of herstel of onderdele in kappe, bakke of aan die bobou van voertuie monteer, stel en aanbring;
(*c*) kappe en/of bakke en/of bobou aan die onderstel van enige soort voertuig vassit;
(*d*) kappe en/of bakke en/of bobou met bewaringsmiddel of dekoratiewe stof bedek en/of versier;
(*e*) die binnekant van kappe en/of bakke en/of bobou uitrus, toerus en afwerk;
(*f*) sleepwaens bou, uitgesonderd die vervaardiging van wiele of aste daarvoor;
(*g*) alle werksaamhede wat deel uitmaak of voortspruit uit die werksaamhede genoem in paragrawe (*a*), (*b*), (*c*), (*d*), (*e*) en (*f*).

3. Vir die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat „voertuig" nie 'n vliegtuig nie, en „motornywerheid" soos hierbo omskryf, omvat nie onderstaande nie:—

(*a*) die vervaardiging van motorvoertuigonderdele en/of -toebehore en/of -reserwedele en/of -dele in inrigtings wat aangelê is om metaal- en/of plastiese goed van verskillende aard op aansienlike voet te produseer en dit gewoonlik doen;
(*b*) die monteer, opbou, toets, herstel, stel, nagaan, bedraad, spuitverf, verf en/of vernuwing van landboutrekkers maar nie as dit uitgevoer word in inrigtings wat soortgelyke dienste lewer ten opsigte van motorkarre, motorvragwaens of motortrokke nie;
(*c*) die vervaardiging en/of onderhoud en/of herstel van—

(i) uitrusting vir siviele en meganiese ingenieurswerk en/of onderdele daarvan hetsy op wiele gemonteer of nie;

(ii) agricultural equipment or parts thereof; or
(iii) equipment designed for use in factories and/or workshops; provided that for the purpose of (i), (ii) and (iii) above, " equipment " shall not be taken to mean motor cars, motor lorries and/or motor trucks;
(iv) motor vehicle or other vehicle bodies and/or superstructures and/or parts or components thereof made of steel plate of one-eighth of an inch thickness or thicker when carried on in establishments laid out for and normally engaged in the manufacture and/or maintenance and/or repair of civil and/or mechanical engineering equipment on a substantial scale;

(*d*) assembly establishments which shall mean establishment wherein motor vehicles are assembled from new components on an assembly line and includes the manufacture and/or fabricating of any motor vehicle parts or components when carried on in such establishments, but shall not include vehicle body building except in so far as it is carried on incidentally to the assembly of motor vehicles other than caravans and trailers.

4. (*a*) The person in charge of a motor industry establishment shall on or before the 30th day of April, 1959, or on or before such later date as the Director of Census and Statistics may for good cause allow, render, on a form or forms which may be obtained from the Director of Census and Statistics, Pretoria, a return or returns, which he shall sign and certify as being correct, containing all the particulars and information prescribed in regulation No. 7 in respect of the period described in regulation No. 6.

(*b*) For the purpose of these regulations the person in charge of a motor industry establishment shall be—

(i) any person who during the period described in regulation No. 6 owned a motor industry establishment; provided that a return or returns referred to in paragraph (*a*) may also be accepted from a person who was commissioned by such owner with the supervision, control, administration, direction or management of the affairs of such an establishment, as the case may be;
(ii) a trustee or liquidator or an executor or administrator of an insolvent or deceased estate, or a liquidator of a company or co-operative society or co-operative company in liquidation, or a judicial manager of a company under judicial management which owned a motor industry establishment during the period described in regulation No. 6.

5. Any person who under these regulations is obliged to render a return or returns, shall be exempt from the obligation of rendering a return in connection with the annual census of factories and productive industries.

6. The period which shall be covered by the return or returns is the financial year which ended on any date during the twelve months from 1st July, 1957, to 30th June, 1958.

7. The following particulars and information shall be furnished in the return or the returns referred to in paragraph (*a*) of regulation No. 4:—

(1) Magisterial District in which the establishment is situated.
(2) Trading and registered name, address and post office box (if any) of the establishment.
(3) Name of proprietor or manager.
(4) Whether the establishment is individual, partnership, private limited liability company, public limited liability company, co-operative society or company, a municipal or governmental concern or any other body.
(5) If the establishment is individual or a partnership, the race of the owner(s) or, if private limited liability company, the race of the financial controlling shareholders.

(ii) landboutoerusting of onderdele daarvan; of
(iii) uitrusting ontwerp vir gebruik in fabrieke en/of werkswinkels; met dien verstande dat vir die toepassing van (i), (ii) en (iii) hierbo, „uitrusting" nie beskou moet word dat dit motorkarre, motorvragwaens en/of motortrokke beteken nie;
(iv) motorvoertuig- of ander voertuigbakke en/of bobou en/of dele of onderdele daarvan gemaak van staalplaat van een-agste duim dik of dikker as dit uitgevoer word in inrigtings wat aangelê is vir en gewoonlik verbonde is aan die vervaardiging en/of onderhou en/of herstel van uitrusting vir siviele en/of meganiese ingenieurswerk op aansienlike skaal;

(*d*) monteerinrigtings wat inrigtings beteken waarin motorvoertuie uit nuwe onderdele op 'n monteerlyn gemonteer word en sluit die vervaardiging en/of fabrisering in van motorvoertuigdele of -onderdele wanneer dit in sulke inrigtings uitgevoer word, maar sluit nie die bou van die voertuigbakke in nie, behalwe vir sover dit deel vorm van die monteer van motorvoertuie, uitgesonderd karavane en sleepwaens.

4. (*a*) Die persoon in die beheer van 'n motorbedryfinrigting moet voor of op die 30ste dag van April 1959, of voor of op so 'n later datum as wat die Direkteur van Sensus en Statistiek om goeie redes kan toestaan, op 'n vorm of vorms wat by die Direkteur van Sensus en Statistiek, Pretoria, verkrygbaar is, 'n opgawe of opgawes indien, deur hom onderteken en korrek gesertifiseer, waarin al die besonderhede en inligting voorgeskryf in regulasie No. 7 weergegee word ten opsigte van die tydperk omskryf in regulasie No. 6.

(*b*) Vir die toepassing van hierdie regulasies word as die persoon in die beheer van 'n motorbedryfinrigting beskou—

(i) enige persoon wat gedurende die tydperk omskryf in regulasie No. 6 eienaar van 'n motorbedryfinrigting was; met dien verstande dat 'n opgawe of opgawes in paragraaf (*a*) genoem ook aanvaar kan word van 'n persoon aan wie sodanige eienaar die toesig, beheer, administrasie, leiding of bestuur, na gelang van die geval, van die betrokke inrigting opgedra het;
(ii) 'n trustee of likwidateur of 'n eksekuteur of administrateur van 'n bankrot of uitgestorwe boedel, of 'n likwidateur van 'n maatskappy of koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy in likwidasie, of 'n geregtelike bestuurder van 'n maatskappy onder geregtelike bestuur wat eienaar van 'n motorbedryfinrigting was gedurende die tydperk omskryf in regulasie No. 6.

5. Enige persoon wat kragtens hierdie regulasies verplig is om 'n opgawe of opgawes te verstrek, is vrygestel van die verpligting om 'n opgawe te verstrek in verband met die jaarlikse sensus van fabrieke en produktiewe nywerhede.

6. Die tydperk wat die opgawe of opgawes moet dek, is die boekjaar wat op enige datum gedurende die twaalf maande vanaf 1 Julie 1957 tot 30 Junie 1958 geëindig het.

7. Die volgende besonderhede en inligting moet verstrek word in die opgawe of opgawes in paragraaf (*a*) van regulasie No. 4 genoem:—

(1) Landdrosdistrik waarin die inrigting geleë is.
(2) Handels- en geregistreerde naam, adres en posbus (as daar is) van die inrigting.
(3) Naam van eienaar of bestuurder.
(4) Of die inrigting 'n eenmansaak, vennootskap, private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, publieke maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, koöperatiewe vereniging of maatskappy, 'n onderneming van 'n munisipaliteit of die regering, of enige ander liggaam is.
(5) Indien die inrigting 'n eenmansaak of 'n vennootskap is, die ras van die eienaar(s) of indien 'n private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, die ras van die finansiële beherende aandeelhouers.

(6) Name and address of the head office of which the establishment is a branch.

(7) Name, address and principal activities of parent or holding company.

(8) Names, addresses and principal activities of subsidiary companies.

(9) Approximate percentage of revenue derived from the activities described in regulation No. 1.

(10) Whether the establishment sells one (excluding priveleged brands) or more petrol brands.

(11) Number of petrol pumps.

(12) Financial year covered by return.

(13) Total of average number of persons employed during the financial year and analysis by race and sex according to occupation.

(14) Total of salaries and wages paid to employees and analysis by race and sex, according to occupation.

(15) Cost of payments in kind (if provided) assigned to employees (excluding working proprietors) classified by race and sex.

(16) Total employment on last payday in September, 1958, classified by race and sex.

(17) Analysis and total purchases and transfers-in.

(18) Analysis and total of sales and transfers-out by kind of article, charges for work done (repairs and services, including spares fitted and materials used), value of equipment and other goods manufactured and capitalized and other revenue.

(19) Information regarding workshop operations (estimated cost of spares and accessories used or fitted, value of repairs and other workshop services, estimated revenue from repairs of vehicles involved in road accidents).

(20) Value of stocks of new and used motor vehicles and tractors, spares and accessories, including tools and garage equipment, fuel and lubricants, work in progress, own manufactures and any other, as at the beginning and the end of the financial year.

(21) Analysis and total of expenditure (salaries and wages, depreciation on plant and equipment, interest paid, head office expenses and all other).

(22) Summary and total of establishment's revenue and expenditure as well as the net profit or loss (if any).

(23) Balance sheet and loan indebtedness to petrol companies at the end of the financial year; analysis and total of capital expenditure, total interest paid or accrued on loans and debentures and interest paid or payable outside the Union, relating to the financial year.

(24) Profit or loss before deduction of income tax relating to the financial year and the previous financial year.

(25) If the establishment is controlled by a company registered in the Union, the nominal value of issued share capital (ordinary and preference) and the nominal value of share capital held outside the Union by this company.

8. If the establishment is a branch the information referred to in paragraphs (23) to (25) of regulation No. 7 shall only relate to the undertaking of which the establishment is a branch.

9. The person in charge of a motor industry establishment who, without reasonable cause, fails to comply with these regulations shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds, or, in the case of continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding one pound for every day during which such default continues. The person in charge of a motor industry establishment shall not be relieved of these penalties by reason only of his having received no form or forms to furnish the return or returns referred to in paragraph (*a*) of regulation No. 4; the Director of Census and Statistics may, if he deems it advisable, cause a form or forms to be delivered or sent by post to the person in charge of a motor industry establishment.

(6) Naam en adres van die hoofkantoor waarvan die inrigting 'n tak is.

(7) Naam en adres en vernaamste werksaamhede van die moeder- of kontrolerende maatskappy.

(8) Name, adresse en vernaamste werksaamhede van filiaalmaatskappye.

(9) Benaderde persentasie van inkomste verkry uit werksaamhede omskryf in regulasie No. 1.

(10) Of die inrigting petrol van een (bevoorregte merke uitgesluit) of meer handelsmerke verkoop.

(11) Getal petrolpompe.

(12) Boekjaar deur die opgawe gedek.

(13) Totale gemiddelde getal persone in diens gedurende die boekjaar en ontleding volgens ras, geslag en beroep.

(14) Totale salarisse en lone betaal aan werknemers en ontleding volgens ras, geslag en beroep.

(15) Koste van betalings in natura (as daar verskaf is) toegeken aan werknemers (met uitsluiting van werkende eienaars) ingedeel volgens ras en geslag.

(16) Totale werksverskaffing op die laaste betaaldag in September 1958 ingedeel volgens ras en geslag.

(17) Ontleding en totaal van aankope en oorplasings-in.

(18) Ontleding en totaal van verkope en oorplasings-uit volgens soort goedere, inkomste uit werk verrig (herstelwerk en dienste, met inbegrip van reserwedele aangebring en materiale gebruik), waarde van uitrusting en ander goedere vervaardig en gekapitaliseer en ander inkomste.

(19) Inligting aangaande werkswinkelwerksaamhede (geskatte koste van reserwedele en toebehore gebruik of aangebring; waarde van herstel- en ander werkswinkeldienste; geskatte inkomste uit herstel van voertuie wat in padongelukke betrokke was).

(20) Waarde van voorrade nuwe en gebruikte motorvoertuie en trekkers, reserwedele en toebehore, met inbegrip van gereedskap en garage-uitrusting, brandstof en smeerolies, werk aan die gang, eie fabrikate en enige ander, aan die begin en einde van die boekjaar.

(21) Ontleding en totaal van uitgawes (salarisse en lone, waardevermindering op masjinerie en uitrusting, rente betaal, hoofkantooruitgawes en alle ander).

(22) Opsomming en totaal van die inkomste en uitgawes van die inrigting met opgawe van die netto wins of verlies (as daar is).

(23) Balansstaat en leningskuld aan petrolmaatskappye aan die einde van die boekjaar; ontleding en totaal van kapitaaluitgawes, totale rente betaal of opgeloop op lenings en skuldbriewe en rente betaal of betaalbaar buite die Unie ten opsigte van die boekjaar.

(24) Wins of verlies voor aftrekking van die inkomstebelasting ten opsigte van die boekjaar en die vorige boekjaar.

(25) Indien die inrigting beheer word deur 'n maatskappy wat in die Unie geregistreer is, die nominale waarde van uitgereikte aandelekapitaal (gewone en voorkeur-) en die nominale waarde van aandelekapitaal wat buite die Unie deur hierdie maatskappy gehou word.

8. Indien die inrigting 'n tak is, het die inrigting in paragrawe (23) tot (25) van regulasie No. 7 genoem, alleen betrekking op die onderneming waarvan die inrigting 'n tak is.

9. Die persoon in die beheer van 'n motorbedryfinrigting wat sonder goeie rede versuim om hierdie regulasies na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond of in die geval van voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens een pond vir elke dag wat sodanige versuim voortduur. Die persoon in die beheer van 'n motorbedryfinrigting word nie van hierdie strafbepalings onthef slegs omdat hy geen vorm of vorms ontvang het om die opgawe of opgawes genoem in paragraaf (*a*) van regulasie No. 4 in te dien nie; die Direkteur van Sensus en Statistiek kan, indien hy dit goedvind, 'n vorm of vorms laat aflewer of per pos afstuur aan die persoon in beheer van 'n motorbedryfinrigting.

No. 588.] [15 April 1959.

REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—UNITED BUILDING SOCIETY.

The Minister of the Interior has, in terms of sub-section (3) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the name and badge of the above-mentioned association as described in Government Notice No. 1961 of the 24th December, 1958.

## DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

No. 568.] [24 April 1959.

SEA FISHERIES ACT, 1940.

WHALING SEASONS FOR LAND STATIONS, 1959.

The Honourable the Minister of Economic Affairs, in terms of sub-regulation (*b*) of regulation 9 of Part IX of the regulations promulgated under the Sea Fisheries Act, 1940 (Act No. 10 of 1940), and published in Government Notice No. 1353 of 1st July, 1955, as amended, has been pleased to approve the undermentioned periods during which whale catchers attached to land stations may be used for the purpose of killing or attempting to kill sperm whales and baleen whales (including minke whales):—

(*a*) *Sperm Whales.*—From the first day of April, 1959, to the thirtieth day of November, 1959, in the case of the land station situated on the Indian Ocean coast and from the fifteenth day of April, 1959, to the thirty-first day of October, 1959, in the case of the land station situated on the Atlantic Ocean coast.

(*b*) *Baleen Whales (including Minke Whales).*—From the fifteenth day of April, 1959, to the fourteenth day of October, 1959, in the case of the land station situated on the Indian Ocean coast and from the first day of May, 1959, to the thirty-first day of October, 1959, in the case of the land station situated on the Atlantic Ocean coast.

Government Notice No. 474 of 26th March, 1959, is hereby withdrawn.

## DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

No. 575.] [24 April 1959.

PROCLAMATION OF A MONUMENT.

By virtue of the powers vested in me by section *eight* of the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934 (Act No. 4 of 1934), I hereby proclaim Van der Stel's Copper Mine, Namaqualand, to be a monument.

DESCRIPTION.

The figure ABCD represents 500 square feet of land, being Van der Stel's Copper Mine situate in the Division of Namaqualand, Province of Cape of Good Hope, as shown in diagram No. 7018/58, dated 29th October, 1958.

HISTORICAL INTEREST.

This piece of land, which is owned by the O'okiep Copper Company, Limited, contains a mine shaft sunk by Commander Simon van der Stel on an expedition to the Copper Mountains in 1685.

The date, and most likely the other inscriptions, on the nearby rocks are of the same period.

(This Notice is substituted for Notice No. 270 of 20th February, 1959.)

J. J. SERFONTEIN,
Minister of Education, Arts and Science.

No. 588.] [15 April 1959.

REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—UNITED-BOUVERENIGING.

Die Minister van Binnelandse Sake het, kragtens die bepalings van subartikel (3) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die naam en wapen van bogenoemde vereniging soos beskryf in Goewermentskennisgewing No. 1961 van 24 Desember 1958, geregistreer.

## DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

No. 568.] [24 April 1959.

WET OP SEEVISSERYE, 1940.

WALVISVANGSEISOENE VIR LANDSTASIES, 1959.

Dit het Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake behaag om, kragtens subregulasie (*b*) van regulasie 9 van Deel IX van die regulasies afgekondig ingevolge die Wet op Seevisserye, 1940 (Wet No. 10 van 1940), en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1353 van 1 Julie 1955, soos gewysig, ondergenoemde tydperke waartydens walvisbote verbonde aan 'n landstasie gebruik mag word om potvisse en baleinwalvisse (met inbegrip van minkewalvisse) dood te maak of te probeer doodmaak, goed te keur:—

(*a*) *Potvisse.*—Van die eerste dag van April 1959 tot die dertigste dag van November 1959 in die geval van die landstasie aan die Indiese Oseaan geleë en van die vyftiende dag van April 1959 tot die een-en-dertigste dag van Oktober 1959 in die geval van die landstasie aan die Atlantiese Oseaan geleë.

(*b*) *Baleinwalvisse (met inbegrip van minkewalvisse).*—Van die vyftiende dag van April 1959 tot die veertiende dag van Oktober 1959 in die geval van die landstasie aan die Indiese Oseaan geleë en van die eerste dag van Mei 1959 tot die een-en-dertigste dag van Oktober 1959 in die geval van die landstasie aan die Atlantiese Oseaan geleë.

Goewermentskennisgewing No. 474 van 26 Maart 1959, word hierby herroep.

## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

No. 575.] [24 April 1959.

PROKLAMERING VAN 'N GEDENKWAARDIGHEID.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt* van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (Wet No. 4 van 1934), proklameer ek hierby Van der Stel se Kopermyn, Namakwaland, as 'n gedenkwaardigheid.

BESKRYWING.

Die figuur ABCD stel voor 500 vierkante voet grond, synde Van der Stel se Kopermyn, geleë in die Afdeling Namakwaland, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, soos aangetoon op kaart No. 7018/58, gedateer 29 Oktober 1958.

HISTORIESE BELANG.

Op hierdie stuk grond, wat die eiendom van die O'okiep Copper Company Limited is, is 'n mynskag wat Kommandeur Simon van der Stel laat grawe het tydens sy ontdekkingstog na die Koperberge in 1685.

Die jaartal, en waarskynlik ook ander letters wat op rotse digby uitgebeitel is, is van dieselfde tyd.

(Hierdie kennisgewing vervang kennisgewing No. 270 van 20 Februarie 1959.)

J. J. SERFONTEIN,
Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

## DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 576.] [24 April 1959.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—UNSKILLED LABOUR, CAPE.

The Wage Board, will meet in the New Drill Hall, Tennant Street, Cape Town, at 9.30 a.m., on the 25th May, 1959, for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice No. 350 in the *Government Gazette* of 6th March, 1959.

J. T. LLEWELLYN,
Secretary, Wage Board.

No. 577.] [24 April 1959.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—WATCH PATROL SERVICES, THE CAPE.

The Wage Board will meet in the Board Room, Department of Labour, Corporation Street, Cape Town, at 9.30 a.m., on the 23rd May, 1959, for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice No. 352 in the *Government Gazette* of 6th March, 1959.

J. T. LLEWELLYN,
Secretary, Wage Board.

No. 578.] [24 April 1959.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—ROAD-MAKING INDUSTRY, CAPE.

The Wage Board will meet in the Board Room, Department of Labour, Corporation Street, Cape Town, at 9.30 a.m., on the 22nd May, 1959, for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice No. 351 in the *Government Gazette* of 6th March, 1959.

J. T. LLEWELLYN,
Secretary, Wage Board.

No. 582.] [24 April 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

ELECTRICAL INDUSTRY (NATAL).—EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend to the 30th October, 1959, the periods referred to in Government Notices No. 161 of the 1st February, 1957, and No. 125 of the 30th January, 1959, as extended by Government Notice No. 126 of the 30th January, 1959.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

## DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 576.] [24 April 1959.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—ONGESKOOLDE ARBEID, KAAP.

Die Loonraad sal om 9.30 vm. op 25 Mei 1959 in die Nuwe Drilsaal, Tennantstraat, Kaapstad, vergader om mondelinge vertoë van belanghebbende partye aan te hoor oor bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing No. 350 in die *Staatskoerant* van 6 Maart 1959 gepubliseer is.

J. T. LLEWELLYN,
Sekretaris, Loonraad.

No. 577.] [24 April 1959.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—WAGPATROLLIE-DIENSTE, DIE KAAP.

Die Loonraad sal om 9.30 vm. op 23 Mei 1959 in die Raadkamer, Departement van Arbeid, Corporationstraat, Kaapstad, vergader om mondelinge vertoë van belanghebbende partye aan te hoor oor bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing No. 352 in die *Staatskoerant* van 6 Maart 1959 gepubliseer is.

J. T. LLEWELLYN,
Sekretaris, Loonraad.

No. 578.] [24 April 1959.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—PADMAAKBEDRYF, KAAP.

Die Loonraad sal om 9.30 vm. op 22 Mei 1959, in die Raadkamer, Departement van Arbeid, Corporationstraat, Kaapstad, vergader om mondelinge vertoë van belanghebbende partye aan te hoor oor bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing No. 351 in die *Staatskoerant* van 6 Maart 1959 gepubliseer is.

J. T. LLEWELLYN,
Sekretaris, Loonraad.

No. 582.] [24 April 1959.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

ELEKTROTEGNIESE NYWERHEID (NATAL).—VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS.

Namens die Minister van Arbeid verleng ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby, kragtens subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, tot 30 Oktober 1959 die tydperke vermeld in Goewermentskennisgewing No. 161 van 1 Februarie 1957 en No. 125 van 30 Januarie 1959, soos verleng by Goewermentskennisgewing No. 126 van 30 Januarie 1959.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 583.] [24 April 1959.

APPRENTICESHIP ACT No. 37 OF 1944, AS AMENDED BY ACT No. 28 OF 1951.

NATIONAL APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE BUILDING INDUSTRY.

PROPOSED AMENDMENT TO CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, hereby give notice that I propose to—

(i) amend Government Notice No. 2376 of the 28th December, 1956, by—

(*a*) the deletion of sub-clause (*a*) of clause 3 and the substitution therefor of the following new sub-clause:—

(*a*) In the Magisterial Districts of Albany, King William's Town and Worcester and the Municipal Area of Queenstown:—

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| First year ... ... ... ... | 2 | 5 | 0 |
| Second year ... ... ... ... | 2 | 12 | 6 |
| Third year ... ... ... ... | 3 | 0 | 0 |
| Fourth year ... ... ... ... | 3 | 15 | 0 |
| Fifth year ... ... ... ... ... | 4 | 10 | 0 |

(*b*) the substitution of the amount "5s. 6d." for the amount "4s. wherever it appears in clause 5; and

(ii) determine in terms of sub-section (7) of section *sixteen* of the Act that the amendments contained in paragraph (i) above shall from the date of final publication apply in the Building Industry and the whole of the area for which the said committee was established to apprentices who entered into contracts of apprenticeship upon or after the date of designation of the trades in which they are indentured and before the date upon which the above-mentioned amendments come into operation.

In terms of sub-section (4) of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, objections to the proposals contained in this notice should be lodged with the Secretary, National Apprenticeship Committee for the Building Industry, Private Bag 117, Pretoria, within 30 days of the date of this notice.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 584.] [24 April 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF THE AGREEMENT FOR THE CLOTHING INDUSTRY, TRANSVAAL.

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, extent to the 30th April, 1960, the periods referred to in Government Notices No. 2360 of the 21st December, 1956, and No. 1119 of the 8th August, 1958, as extended by Government Notices No. 958 of the 28th June, 1957, No. 1516 of the 27th September, 1957, No. 1735 of the 1st November, 1957, No. 351 of the 7th March, 1958 and No. 136 of the 30th January, 1959.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

No. 583.] [24 April 1959.

WET OP VAKLEERLINGE, No. 37 VAN 1944, SOOS GEWYSIG BY WET No. 28 VAN 1951.

NASIONALE VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR DIE BOUNYWERHEID.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN LEERVOOR-VOORWAARDES.

Namens die Minister van Arbeid en handelende kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, gee ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kennis dat ek van voorneme is om—

(i) Goewermentskennisgewing No. 2376 van 28 Desember 1956 te wysig deur—

(*a*) subklousule (*a*) van klousule 3 te skrap en deur die volgende nuwe subklousule te vervang:—

(*a*) In die landdrosdistrikte Albany, King William's Town en Worcester en die munisipale gebied Queenstown:—

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Eerste jaar ... ... ... ... | 2 | 5 | 0 |
| Tweede jaar ... ... ... ... | 2 | 12 | 6 |
| Derde jaar ... ... ... ... | 3 | 0 | 0 |
| Vierde jaar ... ... ... ... | 3 | 15 | 0 |
| Vyfde jaar ... ... ... ... | 4 | 10 | 0 |

(*b*) die bedrag „4s." oral waar dit in klousule 5 voor kom te vervang deur die bedrag „5s. 6d."; en

(ii) kragtens subartikel (7) van artikel *sestien* van die Wet te bepaal dat die wysigings vervat in paragraaf (i) hierbo vanaf die datum van finale publikasie van toepassing sal wees in die Bounywerheid en die hele gebied waarvoor genoemde Komitee ingestel is, op vakleerlinge wat vakleerlingskapkontrakte aangegaan het op of na die datum van aanwysing van die ambagte waarin hulle ingeboek is en voor die datum waarop bogenoemde wysigings in werking tree.

Kragtens subartikel (4) van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, moet besware teen die voorneme vervat in hierdie kennisgewing binne 30 dae van die datum van hierdie kennisgewing by die Sekretaris, Nasionale Vakleerlingskapkomitee vir die Bounywerheid, Privaatsak 117, Pretoria, ingedien word.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 584.] [24 April 1959.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

VERLENGING VAN DIE GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE OOREENKOMS VIR DIE KLERASIE-NYWERHEID, TRANSVAAL.

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, verleng hierby kragtens subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, tot 30 April 1960 die tydperke vermeld in Goewermentskennisgewings No. 2360 van 21 Desember 1956 en No. 1119 van 8 Augustus 1958, soos verleng by Goewermentskennisgewings No. 958 van 28 Junie 1957, No. 1516 van 27 September 1957, No. 1735 van 1 November 1957, No. 351 van 7 Maart 1958 en No. 136 van 30 Januarie 1959.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

No. 585.] [24 April 1959.

## INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

### EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF THE AGREEMENT FOR THE CLOTHING INDUSTRY, TRANSVAAL (PROVIDENT FUND).

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, extent to the 30th April, 1960, the period referred to in Government Notice No. 1172 of the 2nd August, 1957, as extended by Government Notices No. 1515 of the 27th September, 1957, No. 1734 of the 1st November, 1957, No. 352 of the 7th March, 1958 and No. 137 of the 30th January, 1959.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

No. 586.] [24 April 1959.

## INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

### CHEMICAL MANUFACTURING INDUSTRY (WITWATERSRAND AND PRETORIA).

### AMENDING AGREEMENT.

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that all the provisions of the Amending Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Chemical Manufacturing Industry, shall be binding from the date of publication of this notice and for the period ending the 30th June, 1961, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that union;

(*b*) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the said Act declare that the provisions of the said Agreement shall be binding from the date of publication of this notice, and for the period ending the 30th June, 1961, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (*a*) of this notice engaged or employed in the said Industry in the Magisterial Districts of Johannesburg [excluding Portion No. 25 (of portion of that portion) of the farm Klipspruit No. 8 owned by Messrs. African Explosives and Chemical Industries, Limited, under Deed of Transfer No. 18558/1947, measuring 7·0866 morgen, *vide* Diagram S.G. No. A.39994/46], and Germiston (with the exclusion of the farms Modderfontein No. 3 and Klipfontein No. 19 and Portion A and portion of the farm Zuurfontein No. 18 owned by Messrs. African Explosives and Chemical Industries, Ltd., measuring 74 morgen 568 square roods and 8 morgen 322 square roods, *vide* Diagram S.G. Nos. A.4295/12 and A.2216/90 respectively) and Boksburg, Springs, those portions of the Magisterial District of Delmas, previously falling within the Magisterial District of Springs prior to publication of Government Notice No. 2881 of the 12th December, 1952, Pretoria and those portions of the Magisterial District of Kempton Park previously falling within the Magisterial Districts of Johannesburg, Germiston, Boksburg and Benoni prior to publication of Government Notice No. 556 of the 29th March, 1956, and

No. 585.] [24 April 1959.

## WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

### VERLENGING VAN DIE GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE OOREENKOMS VIR DIE KLERASIE-NYWERHEID, TRANSVAAL (VOORSORG-FONDS).

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, verleng hierby, kragtens subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, tot 30 April 1960, die tydperk vermeld in Goewermentskennisgewing No. 1172 van 2 Augustus 1957, soos verleng by Goewermentskennisgewings No. 1515 van 27 September 1957, No. 1734 van 1 November 1957, No. 352 van 7 Maart 1958 en No. 137 van 30 Januarie 1959.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

No. 586.] [24 April 1959.

## WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

### CHEMIKALIEËNYWERHEID (WITWATERSRAND EN PRETORIA).

### WYSIGINGSOOREENKOMS.

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat al die bepalings van die Wysigingsooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Chemiekalieënywerheid betrekking het, van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat op 30 Junie 1961 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasie of daardie vereniging is;

(*b*) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat op 30 Junie 1961 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié vermeld in paragraaf (*a*) van hierdie kennisgewing, betrokke by of in diens in genoemde Nywerheid in die landdrosdistrikte Johannesburg [uitgesonderd Gedeelte No. 25 (van gedeelte van daardie gedeelte) van die plaas Klipspruit No. 8 wat die eiendom is van African Explosives and Chemical Industries, Limited, kragtens Transportakte No. 18558/1947, groot 7·0866 morge, sien Kaart S.G. No. A.39994/46], Germiston (uitgesonderd die plase Modderfontein No. 3 en Klipfontein No. 19 en Gedeelte A en gedeelte van die plaas Zuurfontein No. 18 wat die eiendom is van African Explosives and Chemical Industries, Limited, groot 74 morge 568 vierkant roede en 8 morge 322 vierkant roede, sien onderskeidelik Kaarte S.G. Nos. A.4295/12 en A.2216/90), Boksburg, Springs, daardie gedeeltes van die landdrosdistrik Delmas wat voorheen in die landdrosdistrik Springs geval het voor publikasie van Goewermentskennisgewing No. 2881 van 12 Desember 1952, Pretoria en daardie gedeeltes van die landdrosdistrik Kempton Park wat voorheen in die landdrosdistrikte Johannesburg, Germiston, Boksburg en Benoni geval het voor publikasie van Goewermentskennisgewing No. 556 van 29 Maart 1956; en

(*c*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial Districts of Johannesburg [excluding Portion No. 25 (of portion of that portion) of the farm Klipspruit No. 8 owned by Messrs. African Explosives and Chemical Industries, Limited, under Deed of Transfer No. 18558/1947, measuring 7·0866 morgen, *vide* Diagram S.G. No. A.39994/46], and Germiston (with the exclusion of the farms Modderfontein No. 3 and Klipfontein No. 19 and Portion A and portion of the farm Zuurfontein No. 18 owned by Messrs. African Explosives and Chemical Industries, Limited, measuring 74 morgen 568 square roods and 8 morgen 322 square roods, *vide* Diagrams S.G. Nos. A.4295/12 and A.2216/90 respectively) and Boksburg, Springs, those portions of the Magisterial District of Delmas, previously falling within the Magisterial Dstrict of Springs prior to publication of Government Notice No. 2881 of the 12th December, 1952, Pretoria and those portions of the Magisterial District of Kempton Park previously falling within the Magisterial Districts of Johannesburg, Germiston, Boksburg and Benoni prior to publication of Government Notice No. 556 of the 29th March, 1956, and from the date of publication of this notice and for the period ending the 30th June, 1961, the provisions of the said Agreement, shall *mutatis mutandis* be binding upon all Natives employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Natives in their employ.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

---

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE TRANSVAAL CHEMICAL MANUFACTURING INDUSTRY.

---

AGREEMENT

entered into in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, by and between the

Transvaal Chemical Manufacturers' Association

of the one part, and the

Chemical Workers' Union

of the other part, being the parties to the Industrial Council for the Transvaal Chemical Manufacturing Industry.

The Agreement published under Government Notice No. 1473 of the 3rd October, 1958, is hereby amended as follows:—

*Clause 7.—Annual Leave and Public Holidays.*—By in sub-clause 5 of this clause, the substitution of the word "Kruger" for the word "May".

Signed at Johannesburg on behalf of the parties, on this 26th day of March, 1959.

L. J. COOMBES,
Vice-Chairman of the Council.

G. H. TREMOULET,
Member of the Council.

C. A. PAPPAS,
Acting Secretary of the Council.

---

No. 587.] [24 April 1959.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

---

CHEMICAL MANUFACTURING INDUSTRY (WITWATERSRAND AND PRETORIA).

---

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

---

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, hereby, in terms of sub-paragraph (i) of paragraph (*a*) of sub-section (4) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend to the 30th June, 1961, the period referred to in Government Notice No. 1473 of the 3rd October, 1958.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

(*c*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af en vir die tydperk wat op 30 Junie 1961 eindig, in die landdrosdistrikte Johannesburg [uitgesonderd Gedeelte No. 25 (van gedeelte van daardie gedeelte) van die plaas Klipspruit No. 8 wat die eiendom is van African Explosives and Chemical Industries, Limited, kragtens Transportakte No. 18558/1947, groot 7·0866 morge, sien Kaart S.G. No. A.39994/46], Germiston (uitgesonderd die plase Modderfontein No. 3 en Klipfontein No. 19 en Gedeelte A en gedeelte van die plaas Zuurfontein No. 18 wat die eiendom is van African Explosives and Chemical Industries, Limited, groot 74 morge 568 vierkant roede en 8 morge 322 vierkant roede, sien onderskeidelik Kaart S.G. Nos. A.4295/12 en A.2216/90), Boksburg, Springs, daardie gedeeltes van die landdrosdistrik Delmas wat voorheen in die landdrosdistrik Springs geval het voor publikasie van Goewermentskennisgewing No. 2881 van 12 Desember 1952, Pretoria en daardie gedeeltes van die landdrosdistrik Kempton Park wat voorheen in die landdrosdistrikte Johannesburg, Germiston, Boksburg en Benoni geval het voor publikasie van Goewermentskennisgewing No. 556 van 29 Maart 1956, *mutatis mutandis* bindend is vir alle Naturelle in diens in genoemde Nywerheid by die werkgewers vir wie enige sodanige bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Naturelle in hul diens.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

---

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE CHEMIKALIËNYWERHEID, TRANSVAAL.

---

OOREENKOMS.

aangegaan ingevolge die bepalings van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, deur en tussen die

Transvaal Chemical Manufacturers' Association

aan die een kant, en die

Chemical Workers' Union

aan die ander kant, wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Chemikalieënywerheid, Transvaal.

Die Ooreenkoms wat by Goewermentskennisgewing No. 1473 van 3 Oktober 1958 gepubliseer is, word hierby soos volg gewysig:—

*Klousule 7.—Jaarlikse verlof en openbare vakansiedae.*—Deur die woord „Mei" in subklousule 5 van hierdie klousule deur die woord „Kruger" te vervang.

Op hede die 26ste dag van Maart 1959 namens die partye in Johannesburg onderteken.

L. J. COOMBES,
Ondervoorsitter van die Raad.

G. H. TREMOULET,
Lid van die Raad.

C. A. PAPPAS,
Agerende Sekretaris van die Raad.

---

No. 587.] [24 April 1959.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

---

CHEMIKALIEËNYWERHEID (WITWATERSRAND EN PRETORIA).

---

VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS.

---

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, verleng hierby, kragtens subparagraaf (i) van paragraaf (*a*) van subartikel (4) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, tot 30 Junie 1961, die tydperk vermeld in Goewermentskennisgewing No. 1473 van 3 Oktober 1958.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

No. 595.] [24 April 1959.

APPRENTICESHIP ACT, No. 37 OF 1944, AS AMENDED BY ACT No. 28 OF 1951.

NATIONAL PRINTING INDUSTRY APPRENTICESHIP COMMITTEE.

AMENDMENT OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, hereby—

(i) amend Government Notice No. 571, dated 18th April, 1957, by the addition of the following note opposite the trade Rotary Stereotyping and Rotary Machine Minding after the fourth year in Column B of Clause 10:—

NOTE.—Where facilities exist, and notwithstanding what is stated in sub-section (i) hereof, an apprentice in this trade may, at the discretion of his employer, be given additional instruction in the following at any time after his first year of apprenticeship:—

(*a*) Printing of magazines;
(*b*) cutting of interlays, three-ply overlays and/or methods of making mechanical overlays;
(*c*) printing of half tone and/or multi-colour reproductions;

(ii) determine in terms of sub-section (7) of section *sixteen* of the Act that the conditions contained herein shall from the date hereof apply in the Printing Industry and the whole of the area for which the said Committee was established to apprentices who entered into contracts of apprenticeship upon or after the date of designation of the trades in which they are indentured and before the date hereof.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 595.] [24 April 1959.

WET OP VAKLEERLINGE, No. 37 VAN 1944, SOOS GEWYSIG BY WET No. 28 VAN 1951.

NASIONALE VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR DIE DRUKKERSNYWERHEID.

WYSIGING VAN LEERVOORWAARDES.

Namens die Minister van Arbeid en handelende kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, gee ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kennis dat ek—

(i) Goewermentskennisgewing No. 571 van 18 April 1957 wysig deur die byvoeging van onderstaande nota teenoor die ambag „Rolpersstereowerk en Rolpersbediening" na die vierde jaar in kolom B van klousule 10:—

NOTA.—Waar fasiliteite bestaan en ondanks die bepalings van subartikel (i) hiervan, kan daar aan 'n vakleerling in hierdie ambag na goeddunke van sy werkgewer te eniger tyd na sy eerste jaar vakleerlingskap addisionele onderrig in die volgende gegee word:—

(*a*) Druk van tydskrifte;
(*b*) sny van tussenleggers, drielaagoorleggers en/of metodes vir die maak van meganiese oorleggers;
(*c*) druk van halftint- en/of veelkleurige reproduksies;

(ii) hierby, kragtens subartikel (7) van artikel *sestien* van die Wet bepaal dat die voorwaardes hierin vervat, vanaf die datum hiervan in die Drukkersnywerheid en die hele gebied waarvoor genoemde komitee ingestel is, van toepassing is op vakleerlinge wat vakleerlingskapkontrakte aangegaan het op of na die datum van aanwysing van die ambagte waarin hulle ingeboek is en voor die datum hiervan.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

## DEPARTMENT OF MINES.

No. 560.] [24 April 1959.

WITHDRAWAL OF GOVERNMENT NOTICE No. 451 OF 26TH MARCH, 1959.

Notice is hereby given of the withdrawal of Government Notice No. 451 of the 26th March, 1959, and the substitution therefor of the following notice:—

Notice is hereby given in terms of sub-section (3) of section *fifty-four* of the Pneumoconiosis Act, 1956 (Act No. 57 of 1956), that the Honourable the Minister of Mines, under the powers vested in him by sub-section (2) (*a*) of section *fifty-four* of the said Act, has declared the asbestos mine which is being worked by Marble Lime and Associated Industries Limited, on the farm Mundts' Concession, Noordkaap, in the Magisterial District of Barberton, Transvaal Province, to be a controlled mine of group B with effect from the 1st May, 1959.

M.M. 60/225.

No. 562.] [24 April 1959.

LAND DECLARED OPEN TO THE PEGGING OF CLAIMS.—DIVISION OF BARKLY WEST, MINING DISTRICT OF BARKLY WEST.

His Excellency the Governor-General, under the powers vested in him by the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), has been pleased to declare that a certain portion of proclaimed land situated on the farm Doornkloof, Portion of H.V. No. 36, Division of Barkly West,

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 560.] [24 April 1959.

INTREKKING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 451 VAN 26 MAART 1959.

Kennis word hiermee gegee van die intrekking van Goewermentskennisgewing No. 451 van 26 Maart 1959, en die vervanging daarvan deur die volgende kennisgewing:—

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) van artikel *vier-en-vyftig* van die Pneumokoniosewet, 1956 (Wet No. 57 van 1956), bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Mynwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) (*a*) van artikel *vier-en-vyftig* van genoemde Wet, die asbesmyn wat ontgin word deur Marble Lime and Associated Industries, Limited, op die plaas Mundts' Concession, Noordkaap, in die landdrosdistrik Barberton, provinsie Transvaal, met ingang van 1 Mei 1959, tot 'n beheerde myn van groep B verklaar het. M.M. 60/225.

No. 562.] [24 April 1959.

GROND OOP VERKLAAR VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS.—AFDELING BARKLY-WES, MYNDISTRIK BARKLY-WES.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), te verklaar dat 'n sekere stuk geproklameerde grond, geleë op die plaas Doornkloof, Gedeelte van H.V. No. 36, Afdeling

Mining District of Barkly West, Province of the Cape of Good Hope, in extent approximately 421 square roods, as demarcated on the ground and as shown on a sketch plan filed in the office of the Mining Commissioner, Barkly West, under No. 59, shall be open to the pegging of claims in accordance with the provisions of Chapter VI of the said Act, on and after 9 a.m., on the first day following on the publication of this notice in the *Government Gazette*.

M.M. 35/137.

No. 571.] [24 April 1959.

RESERVATION OF GROUND FOR TOWNSHIP PURPOSES.

His Excellency the Governor-General has, under the powers vested in him by section *five* of the Townships Amendment Act, 1908 (Act No. 34 of 1908 of the Transvaal), as amended, reserved for township purposes three portions of proclaimed land, together in extent approximately 12·3487 morgen, situate on the farms Mooifontein No. 225 and Vierfontein No. 321, Registration Division I.Q., District and Mining District Johannesburg, Transvaal Province, registered in the names of Industrial Distributors (1946), Limited, and Crown Mines, Limited, and as shown on sketch plans, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. Nos. 2268 and 2269.

M.M. 17/2615.
M.C.A. 36/1100.

No. 574.] [24 April 1959.

RESERVATION OF GROUND FOR TOWNSHIP PURPOSES.

His Excellency the Governor-General has, under the powers vested in him by section *five* of the Townships Amendment Act, 1908 (Act No. 34 of 1908 of the Transvaal), as amended, reserved for township purposes a certain portion of land held under mining title, in extent approximately 0·94 morgen, situate on the farms Stilfontein No. 404 I.P. and Stilfontein No. 408 I.P., District and Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, registered in the names of The New Pioneer Central Rand Gold Mining Company, Limited, and Hartebeestfontein Gold Mining Company, Limited, and as shown on a sketch plan, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and the Office of the Mining Commissioner, Klerksdorp, under R.M.T. No. 2285.

M.M. 17/2629.
M.C.C. 21/6/219.

## DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 561.] [24 April 1959.

MUNICIPALITY OF WARRENTON.—ESTABLISHMENT OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), approved of the defining, setting apart, and laying out by the Municipality of Warrenton as a location and Native Village of a certain piece of land, 539·9653 morgen in extent, being Portion 32 (a portion of Portion 1) and Portion 22 (a portion of Portion 1) of the farm Grasbult, situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority as shown on diagrams approved in the office of the Surveyor-General under Nos. 9722/58 and 8447/52.

Barkly-Wes, Myndistrik Barkly-Wes, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, ongeveer 421 vierkante roede groot, soos op die grond afgebaken en soos aangetoon op 'n sketskaart wat in die kantoor van die Mynkommissaris, Barkly-Wes, onder No. 59 bewaar word, vanaf 9 vm. op die eerste dag na publikasie van hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant* ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk VI van gemelde Wet vir die afpenning van kleims oop sal wees.

M.M. 35/137.

No. 571.] [24 April 1959.

UITHOU VAN GROND VIR DORPSDOELEINDES.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf* van die Townships Amendment Act, 1908 (Wet No. 34 van 1908 van Transvaal), soos gewysig, drie stukke geproklameerde grond, tesame ongeveer 12·3487 morg groot, geleë op die plase Mooifontein No. 225 en Vierfontein No. 321, Registrasieafdeling I.Q., distrik en myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, geregistreer op name van Industrial Distributors (1946), Limited, en Crown Mines, Limited, en soos aangetoon op sketskaarte waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T.-Nos. 2268 en 2269 bewaar word, vir dorpsdoeleindes uitgehou.

M.M. 17/2615.
M.C.A. 36/1100.

No. 574.] [24 April 1959.

UITHOU VAN GROND VIR DORPSDOELEINDES.

